Stellenbosch.
18.6.37.

Mnr. C.D. Fuchs,
Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

I.S. STUDENTEUITSENDING 23 deser.

Met betrekking tot die gesprek wat verteenwoordigers van die verantwoordelike komitee met u Donderdagaand gevoer het, wil ek u net meedeel dat ~~ons~~, na sorgvuldige beraadslaging van u aanbevelings ter wysiging van die voorgenome program, dit besonder moeilik gevind ~~het~~ is om die verwatering soos deur u voorgestel, deurgaans toe te pas. Dit is immers onmoontlik om by die uitsending van spesifiek-Matie liedjies in die korte tydbestek van 15 minute alle wysigings na en assosiasie met 'n spesifiek-Matie atmosfeer te vermy. Ons glo nie dat ~~ons~~ hul ~~ons~~ hul skuldig maak aan selfverheerliking as ~~ons~~ daar nog in verskeie plekke in die inleidende en verduidelikende woorde daardie onvermydelike Matie-kleur en -gees handhaaf nie.

Gevolglik is dit ~~ons~~ hul ernstige vertroue dat die program wat ~~ons~~ hiermee aanstuur, u goedkeuring sal wegdra. Enkele van die besware wat u geopper het, het ons gepoog om uit die weg te ruim, maar ~~ons~~ hul sien nie ~~ons~~ hul weg oop om, onder die omstandighede soos hierbo uiteengesit, verdere matiging aan te bring nie.

Dw. die Uwe,

Namens die Kom.

Oorspronklike program

P

Vir bespreking

Vanaand is dit Matieland wat tot u roep en hy roep deur sy lied. En watter Matie sal daardie wekroep kan weerstaan as Intervarsity - herinneringe weer uit die gryse verlede by hom opdoem? Wie kan vandag 'n Intervarsity voorstel sonder die ryke kleureskakeringe van die kostuums, die skitterende vertoning van die jool - voorstelling, die wedersydse skerts en die dawerende gesing, wat soos 'n wekkende triomfroep oor die velde weerklink. Maar Intervarsity was nie altyd deur sulke prag en praal gekenmerk nie. In vroeer jare by die Intercollegiate wedstryde was dit maar net as die spanne op die veld gedraf het, dat daar gesing is. Die lied wat by die geleentheid aangehef is was natuurlik die ou "Victoria College song".

"VICTORIA COLLEGE SONG".

Primitief was die eerste pogings maar 'n groot Studentedag was in wording. In die volgende jare is parodie geskryf op die wysies van Duitse bierliedjies. [Die Matiegees van alle tye klink op in die eerste pogings.] Watter Matiehart sal nie 'n bietjie vinniger klop as hy weer liedjies hoor soos.....

SOPIE.

MATIE SE PEPER.

RIEKATIE, SAMA, KABOE. (Kan u hulle sien heen en weer swaai?)

Met groot entoesiasme is die reeks nuwe liedjies, wat nou vinnig deel begin uitmaak het van die Studentelewe in Matieland, deur die begeestigde gemeenskap van die Eikestad ontvang. Aan hulle spits egter het een in besonder, die onvergeetlike "Umpa", sy plek vir ewig in die Matiehart.

UMPA.

"~~IKEYS IN DISTRESS~~". (Sing a Song of Intervarsity)

'n Nuwe kreet het sy gewilde intog gedoen en uit die vergete liedereskat word 'n ou lied opgediep en Matieland is, deur die

samevoeging.....

samevoeging nog een lied ryker.

DIE BESEM.

Die jare wat hierop gevolg het, het steeds nuwe wysies en nuwe woorde meegebring.

"IT IS THE SAXONS".

"OH IKE!"

STELLENBOSCH SE VOETBALFAAM.

Matieland het 'n neerlaag nie langer geken nie en in die afgelope paar jaar merk ons hoe die oorwinningstema telkens weerklank vind in die nuwere liedjies. Nie langer tevrede om net reeds bestaande wysies te gebruik vir Intervarsity parodie nie begin Matieland nou ook sy eie wysies komponeer. Stellenbosch tree 'n nuwe fase in die ontwikkeling van haar tradisionele instelling binne.

"DAY OF MATIE VICTORY."

DAG VAN MATIEGLORIE.

STELLENBOSCH, DIS INTERVARSITY.

En nog vars in ons geheue is twee van vanjaar se oorspronklike liedjies wat by daardie steeds groeiende liedereskaar 'n segeklank bring wat tot nuwe oorwinnings aanvuur.

ROM! ROM!

"M. A. T. I. E."

En as die skaduwees reeds rek word die skorre stemme tot 'n laaste kragpoging ingespan. Intervarsity is verby en gewen. Oor die velde rol die inspirerende klanke van die statige Universiteitslied.

Mag u ook vanaand hoor en weet.....

UNIVERSITEITSLIED IN AFRIKAANS KREET.